Fokus teks: Lukas 2: 36-40, 2020.
Liedere: Gesang 175; VONKK 104: 1-3; Gesang 205: 1-3; Gesang 254 x2; VONKK 234: 1-3; VONKK 543: 1-3.

---

## AANKONDIGINGS:

- Ons vier hierdie week met groot dankbaarheid die verjaarsdae van vyf van ons geliefde lidmate. Op 9 Augustus wens ons tannie Susan Venter (85) geluk, op 11 Augustus tannie Charmaine Roets (82), op 13 Augustus Gene Smit en Juandro Barnard, en op 15 Augustus Elain Slabbert. Mag die Here elkeen van julle ryklik seën met sy liefde, genade en vrede, goeie gesondheid en nuwe krag vir die pad vorentoe.
- Vier Bybelsondag 2026 saam met ons op Sondag 16 Augustus om 09:00 by die Hervormde Gemeente Zuurfontein. Die gemeentes van die Ring van Zuurfontein kom saam om die Woord van God te vier. Bring gerus familie en vriende saam. Ná die erediens geniet ons koffie, eetgoed en kuier saam. Die deurkollekte ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om die Bybel vir nog meer mense toeganklik te maak. Bring al julle ou Bybels vir verspreiding na mense wat dit kan gebruik.
- Het jy onlangs 'n geliefde aan die dood afgestaan? Jy word hartlik uitgenooi na 'n intieme koffiegesprek op

---

Woensdag 19 Augustus om 10:15 by die pastorie. Ons gesels eerlik oor rou en herinner mekaar daaraan dat daar geen kitsoplossing vir verlies is nie. In hierdie klein en veilige groep is daar ruimte om te luister, te deel en mekaar te bemoedig. Daar is nog plek vir een persoon. Bespreek jou plek by dr. Hannes Janse van Rensburg. Ons sien uit daarna om saam met jou die pad van geloof, hoop en genesing te stap.

- 'n Opregte woord van dank aan ons Vrouebediening vir hulle besondere dienswerk. Vanjaar het hulle R4 850 aan verskeie barmhartigheidsprojekte uitbetaal en daarmee hoop en omgee tasbaar gemaak. Daarby het hulle ook die uitverf van ons gemeentesaal en kategeseklasse moontlik gemaak. Julle liefde, diensbaarheid en ruimhartigheid maak 'n blywende verskil in ons gemeente en daarbuite. Baie dankie vir alles wat julle met soveel toewyding doen. Mag die Here julle ryklik seën.

## LIEF & LEED:

- 'n Hartlike woord van dank aan Nico & Rika Els van Nascaf. Dankie vir julle fasilitering met die verf van die saal en kategeseklasse, ruimhartige ondersteuning met die vervanging van die saal se ligte, en die bou van die NHSV-stoor en gang na die kerkkantoor.
- Dankie vir die gemeente se Vrouebediening wat op Saterdag 8 Augustus diens gedoen het by oom Jurie Botha se lewensviering.
- Hannie White is in die Arwyp Mediese ICU. Ons bid vir haar beterskap.
- Ons gebede gaan aan al die lidmate wat met siekte, uitdagings, beproewings en aanvegtings stoei. Ons bid vir elkeen van julle.

## KLOK:

Hierdie naweek vier ons Vrouedag, en vandag dank ons God vir die vroue wat Hy deur die eeue gebruik het om sy Koninkryk te dien. Ons dink aan die vroue van die Bybel – soos Anna, Maria, Debora, Rut en Ester – vroue wat deur geloof, gehoorsaamheid en volharding 'n blywende

verskil gemaak het. Ons dank God ook vir die vroue in ons eie lewe.

Mag hierdie erediens ons opnuut herinner dat God mense roep wat getrou aan Hom leef, en dat Hy ook vandag deur vroue én mans sy liefde en hoop in die wêreld sigbaar maak.

## TOETREDE: Gesang 175 – Majesteit, glansryke heerlikheid!

## VOTUM:

Heilige Jesus, hoor ons bede: Hervorm ons hart, ons krag, ons rede. Maak ons al meer U beeld gelyk. Vorm ons wil en ook ons wandel. Dat in ons denke, spreke, handel in alles slegs U beeld sal blyk.

## SEËN:

Genade en vrede word aan ons geskenk deur God ons hemelse Vader, en die Here, Jesus Christus.

## VONKK 104: 1-3 ~ Wat 'n vriend het ons in Jesus.

## WET & BELYDENIS:

Gemeente van ons Here Jesus Christus;

Die Here se wil vir ons lewe begin nie by ons prestasie nie, maar by sy karakter. Daarom hoor ons vanoggend die eerste woorde van Psalm 136: 1 "*Loof die Here, want Hy is goed; aan sy liefde is daar geen einde nie.*"

Dit is die fondament van ons geloof. God is goed. Sy liefde is nie wisselvallig nie. Dit hang nie af van ons sukses of mislukkings nie. Sy verbondsliefde bly vas staan.

Juis daarom roep Hy ons om as sy kinders te leef. Omdat Hy goed is, roep Hy ons om goed te doen. Omdat Hy getrou is, roep Hy ons tot trou. Omdat Hy vergewe, roep Hy ons om te vergewe. Omdat Hy sy liefde mildelik uitstort, roep Hy ons om lief te hê met woord én daad.

Maar wanneer ons eerlik na ons eie lewe kyk, moet ons erken dat ons dikwels anders leef. Ons raak ondankbaar vir God se goedheid. Ons vertrou op ons eie vermoëns eerder as op Hom. Waar Hy ons roep om ander te dien, stel onsself dikwels eerste. Ons liefde het grense; God se liefde het nie grense nie.

Daarom bely ons nie ons eie verdienste nie, maar ons geloof, dat aan Sy liefde is daar geen einde nie. Uit dankbaarheid hiervoor loof ons vandag die Here – nie omdat ons volmaak is nie, maar omdat Hy goed is.

En saam met die digter van Psalm 136 antwoord ons:

"*Loof die Here, want Hy is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie.*"

Amen.

## GESANG 205: 1-3 ~ Bring lof aan die Vader.

## PREEK:

In Suid-Afrika is Augustus Nasionale Vrouemaand, terwyl Internasionale Vrouemaand in Maart is. Ek is bewus van al die sosiale en politieke inhoud wat mense aan hierdie spesiale maand mag koppel. Ek sluit glad nie daarby aan nie! Ek wil bloot hierdie geleentheid gebruik om op die spirituele te fokus. Vroue by wie ek en jy van God kan leer.

Daar is tussen 150 en 200 unieke vrouename in Die Bybel, terwyl die totale aantal vrouekarakters (insluitend diegene sonder name) nader aan 333 of selfs meer is. Die presiese getal wissel na gelang van die Bybelvertaling wat gebruik word en hoe navorsers herhalende name (soos die verskillende Maria's) tel.

Slegs 93 vroue het direkte dialoog in die teks. Die vrou wat die meeste woorde praat, is die naamlose Samaritaanse vrou by die put in Johannes 4.

Prominente Vrouegroepe:

- Die Aartsmoeders (Matriarge): Sara, Rebekka, Ragel en Lea. Hulle vorm die fisiese fondament van die volk Israel.
- Leiers en Profetesse: Debora (die enigste vroulike regter), Mirjam (Moses se suster) en Gulda (die profetes).
- Redders en Koninginne: Ester ('n Persiese koningin wat haar volk van uitwissing gered het) en Rut ('n

Moabitiese vrou wat 'n simbool van lojaliteit geword het).

- Die Maria's van die Nuwe Testament: Maria (die moeder van Jesus), Maria Magdalena (die eerste getuie van die opstanding) en Maria van Betanië (Marta se suster).
- Naamlose dog Kragtige Karakters: Die vrou van Lot, die vrou van Potifar, en die ryk vrou van Sunem.

Ons lees vandag uit die Lukas evangelie van ‘n vrou genaamd Anna. Wie is Anna en wat kan ons by haar leer?

## LUKAS 2: 36-40, 2020

36 Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit
die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy
sewe jaar getroud, en na haar man se dood
37 het sy
weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy
het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en
nag gedien deur te vas en te bid.
38 Juis op daardie
oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die

Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.

39 Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret.
40 Die Kindjie het gegroei en sterk geword, en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom.

## GESANG 254 X 2 ~ Spreek Heer

## PREEK:

Die gebeure van Lukas 2: 36–40 speel af ongeveer veertig dae ná Jesus se geboorte, toe Josef en Maria Hom volgens die voorskrifte van die Wet van Moses na die tempel in Jerusalem gebring het. Israel was in hierdie tyd onder Romeinse heerskappy en baie Jode het met groot verlange uitgesien na die Messias wat God se volk sou verlos. Die tempel was die middelpunt van die Joodse geloof en 'n plek waar offers gebring, gebid en God aanbid is.

Fokus teks: Lukas 2: 36-40, 2020.
Liedere: Gesang 175; VONKK 104: 1-3; Gesang 205: 1-3; Gesang 254 x2; VONKK 234: 1-3; VONKK 543: 1-3.

In hierdie wagtyd ontmoet ons twee bejaarde gelowiges, Simeon en Anna, wat al jare lank in die tempel op die vervulling van God se beloftes gewag het. Anders as die politieke en godsdienstige leiers van die dag, herken hulle die baba Jesus as die langverwagte Verlosser. Lukas plaas hierdie ontmoeting doelbewus aan die begin van sy evangelie om te wys dat God se nuwe tydperk aanbreek deur nederige, gelowige mense wat met oop oë en gelowige harte op Hom gewag het.

Nasionale Vrouemaand gee ons die geleentheid om stil te staan by vroue wat God op besondere maniere gebruik het. Sommige van hulle is bekende name soos Sara, Rut, Ester en Maria. Ander staan net vir 'n paar verse op die bladsye van die Bybel, maar laat 'n blywende indruk. Een van hierdie vroue is Anna. Lukas wy slegs vyf verse aan haar, en tog het sy deur die eeue heen gelowiges geïnspireer.

---

Wanneer ons na Anna kyk, ontdek ons dat God nie mense onthou omdat hulle beroemd was nie, maar omdat hulle getrou aan hulle geloof in Hom was.

Lukas vertel vir ons dat Anna 'n profetes was, die dogter van Fanuel uit die stam Aser. Hierdie besonderhede klink onbelangrik, maar dit wys dat sy 'n werklike persoon was, ingebed in God se verbondsgeskiedenis. Sy was ongeveer vier-en-tagtig jaar oud. In 'n tyd waar die gemiddelde lewensverwagting waarskynlik net veertig of vyf-en-veertig jaar was, was sy reeds 'n uitsondering. Sy was net sewe jaar getroud voordat haar man gesterf het. Daarna het sy waarskynlik meer as sestig jaar lank as weduwee geleef.

Ons moet fyn oplet dat Lukas haar nie as 'n slagoffer beskryf nie. Hy beskryf haar nie deur haar verlies nie, deur haar swaarkry nie, deur wat sy nie het nie, maar Lukas beskryf haar deur haar verhouding met God.

Ons leef in 'n wêreld wat mense maklik etiketteer. Iemand word "die weduwee", "die siek persoon", "die afgetrede", of "die alleenstaande". Maar God kyk anders. Hy sien Anna as 'n vrou van geloof.

Lukas sê: "*Sy het nooit die tempel verlaat nie, maar God dag en nag met vas en gebede gedien*." Hier lê die hart van Anna se lewe.

Ons weet byna niks van haar nie. Ons lees nie van groot wonderwerke nie. Ons hoor nie dat sy konings beïnvloed of groot skares toegespreek het nie. Haar lewe speel af in die stilte van die tempel. En tog is sy deel van die Jesus-verhaal. Dit leer ons iets kosbaars. God werk dikwels deur mense wat die wêreld miskyk.

Martin Luther het gesê dat die geskiedenis van die kerk nie net geskryf word deur diegene wat op kansels staan nie, maar ook deur diegene wat in stilte bid. Luther se eie lewe is deurtrek van gebed.

Dieselfde sien ons by Anna. Gebed was nie iets wat sy gedoen het wanneer sy tyd gehad het nie. Gebed was haar lewe.

Henry Nouwen gebed is nie net woorde wat ons spreek nie; dit is 'n manier van leef. Dit beteken dat elke gedagte, elke vreugde, elke pyn en elke vraag na God toe gebring word.

Ook dit beskryf Anna se lewe. Haar lewe was waarskynlik gevul met pyn. Sy het haar man vroeg verloor. Sy het waarskynlik kinderloos oud geword. Sy het dekades lank gewag vir die vervulling van God se beloftes. Maar sy het nie verbitter geraak nie. Sy het nie opgehou glo nie. Sy het aanhou wag op God.

Hier sluit Johannes Calvyn mooi aan. Calvyn skryf dat ware geloof nie beteken dat ons alles reeds ontvang het nie, maar dat ons God vertrou terwyl ons nog wag. Geduld is volgens Calvyn een van die belangrikste vrugte van geloof. Anna het hierdie geduld geleef.

En toe gebeur iets merkwaardig. Josef en Maria bring die baba Jesus tempel toe. Die meeste mense sien net 'n jong egpaar met 'n klein baba. Anna sien die Verlosser. Waarom? Omdat mense wat lank saam met God leef, leer om God se werk raak te sien.

N.T. Wright skryf dat Anna een van daardie gelowiges was wat hulle hele lewe lank God se nuwe toekoms verwag het. Daarom kon sy Jesus herken toe Hy verskyn. Sy was geestelik wakker.

Dit laat 'n mens wonder hoeveel kere God vandag in ons lewe werk, maar ons dit miskyk omdat ons so besig is. Anna het tyd saam met God deurgebring. Daarom het sy God herken. En toe doen sy iets besonders. Lukas sê: "*Sy het God geloof en met almal wat uitgesien het na die verlossing van Jerusalem, oor die Kind gepraat.*"

Sy hou die goeie nuus nie vir haarself nie. Augustinus het eenmaal gesê dat die hart wat deur God aangeraak word,

eenvoudig nie kan stilbly nie. Dit sien ons by Anna. Sy (‘n vrou) word een van die eerste evangeliste in Lukas se Evangelie. Die eerste persoon wat ná Simeon openlik oor Jesus getuig, is nie 'n priester of skrifgeleerde nie. Dit is 'n bejaarde weduwee.

Wat 'n boodskap vir Vrouemaand. God gebruik vroue. Nie net jong vroue nie. Nie net invloedryke vroue nie. Ook ouer vroue. Ook mense wat die wêreld as onbelangrik beskou. Ook mense wat dink hulle beste jare is verby. Die Koninkryk van God werk anders as die wêreld. Anna herinner ons dat 'n mens nooit te oud is om deur God gebruik te word nie.

Miskien is dit haar grootste nalatenskap. Sy wys vir ons dat getrouheid belangriker is as bekendheid. Dat gebed belangriker is as prestasie. Dat volharding sterker is as teleurstelling. Dat wagtyd nooit verlore tyd is wanneer God daarin teenwoordig is nie.

Terwyl ons vandag Vrouemaand vier, dink ons met dankbaarheid aan die Annas in ons eie gemeente (in ons eie lewe). Die vroue wat jaar ná jaar getrou bid. Die vroue wat ander bemoedig. Die vroue wat stil dien sonder om erkenning te soek. Die vroue wat hulle geloof leef in hulle huise, gesinne, werksplekke en gemeente. Hulle name verskyn dalk nooit in geskiedenisboeke nie. Maar hulle name is aan God bekend.

Mag ons, soos Anna, mense wees wat God soek voordat ons Hom probeer dien; mense wat leer wag voordat ons praat; mense wat Jesus herken wanneer Hy naby kom; en mense wat met vreugde vertel dat die Verlosser gekom het. Want uiteindelik gaan hierdie verhaal nie oor Anna nie. Dit gaan oor die Christus op wie sy haar hele lewe gewag het. En Hy is steeds die Een wat wag verander in hoop, gebed verander in lof, en gewone mense gebruik om sy Koninkryk sigbaar te maak.
Amen.

## GEBED:

## SLOTSANG: VONKK 234: 1-3 ~ Abba, Vader, hoor ons bid.

## SEËN:

Heer, gee vandag ons dag se brood – Staan ons by in al ons nood, ook wanneer ons so gou vergeet dat U ons dag se brood uitmeet. Heer, seën tog vandag se brood en laat ons ander help in nood, laat ons bereid wees om te deel, want U gee altyd weer soveel. Heer, wees die lewensbrood. Vergeef ons selfsug, sodat ons uit liefde kan leef.

## WEGSENDING: VONKK 543: 1-3 ~ Leef jou lied, kom leef jou lofsange!